PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

gratis studiegids

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

2024

# Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

## Graad 10

# REKENINGKUNDE



**VORIGE VRAESTEL EN MEMO**
**RONDE EEN EN TWEE**
**2021 * 2022 * 2023**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

NELSON MANDELA UNIVERSITY

UFS
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence

FASSET
Make the future count

DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE
Creative. Distinctive. Impactful.

PC Training & BUSINESS COLLEGE EST 1990

# NELSON MANDELA UNIVERSITY




## Change the World by applying for a qualification in one of the following study fields:

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany• Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Construction Studies • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology

**Change the World**

**E info@mandela.ac.za**
**T 041 504 1111**

**myfuture.mandela.ac.za**

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

2021

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10



## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 12 Mei 2021**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# Making a career choice

Choosing a career is one of the most important decisions that you will ever make. Although most people make several career changes in their lifetime, your first career decision will have an impact on various aspects of your life. Your career choice will determine the direction in which you will develop skills, the type of organisation in which you will start working and the income that you will earn.

For most careers in the Finance, Investment, Accounting and Management sector, you will need:
Your Grade 12 (matric) qualification Subjects: Mathematics, Accounting, Economics and Business Studies




What is the Finance and Accounting Services Sector all about?
As the largest employer of people with financial management, accounting and auditing skills, this is a particularly important sector in our country.

How it is defined and what it includes depend on various sources, probably because it includes so many fields and thus, career opportunities. For example, in the national accounts and employment surveys done by Statistics South Africa - such as the Labour Force Survey (LFS), the sector includes real estate activities and a wide range of business services. Think labour brokerages, as well as information technology, legal, engineering and architectural services!

When it comes to this sector, FASSET is the name to remember. This is the Finance and Accounting Services Sector Education and Training Authority (SETA).

The Financial and Accounting Services Sector refers to all the organisations that Fasset supports. Demonstrating the many fields in this sector, these organisations include:



* investment entities, trusts and company secretary services
* stock broking and financial markets
* financial development organisations * accounting, bookkeeping, auditing and tax services
* business and management consulting services * the South African Revenue Service (SARS)
* the national and provincial treasuries* other activities linked to financial intermediation, such as debt collection

Unlocking opportunities

These pathways are often linked to membership of professional bodies and they lead to different career opportunities. Finance and accounting professionals may belong to one or more of a number of professional bodies. Although this is not always a prerequisite to practice in a financial occupation, it can be a requirement.

**FASSET Programmes:**

* Bursaries * Academic Support * Professional Body Institutions
* Learnerships * Entrepreneurial interventions * Lifelong learning
* Internships



For more information about the FASSET programmes visit **www.fasset.co.za**

Download your free FASSET career guide under the website TAB Career Awareness as well as career videos in the Finance and Accounting Services Sector.

FASSET is the proud sponsor of the 2024 Proverto National Olympiad.

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 10 REKENINGKUNDE

## RONDE 1

## REKENINGKUNDE EN AARP-BEGINSELS

**1.** Die __________-beginsel van rekeningkunde is die idee dat alle transaksies ingesluit moet word in die tydperke waartydens dit werklik plaasvind, eerder as wanneer kontantvloei daaraan verbonde plaasvind.

**A** parings / aanwas
**B** omsigtigheid / konserwatisme
**C** konsekwentheid
**D** lopende saak

**2.** Die beginsel van __________ verwys na die idee dat alle laste en uitgawes so gou as moontlik geboekstaaf moet word, terwyl bates en inkomste slegs geboekstaaf moet word as 'n rekenmeester seker is dat dit sal plaasvind.

**A** parings / aanwas
**B** omsigtigheid / konserwatisme
**C** konsekwentheid
**D** lopende saak

**3.** Die ___________ beginsel behels dat die opgetekende bedrae vir aandelebeleggings, bates en laste nie aangepas moet word vir verbeteringe, markwaarde of inflasie nie.

**A** ekonomiese entiteit
**B** dubbel-inskrywing
**C** volledige openbaarmaking
**D** historiese koste

**4.** Volgens die __________-beginsel word kredietverkope aangeteken wanneer verkope plaasvind en nie wanneer die klant die faktuur betaal nie.

**A** volledige openbaarmaking
**B** monetêre eenheid
**C** tydsperiode
**D** paring / aanwas

**5.** Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van die besigheids-entiteitsbeginsel?

**A** Vaste bates word gewys teen hul oorspronklike kospryse.
**B** Marktoestande, tegnologiese veranderinge en die doeltreffendheid van bestuur word nie in die rekeninge geopenbaar nie.
**C** Enige betalings vir die eienaar se persoonlike uitgawes deur die besigheid sal as onttrekkings beskou word en die kapitaalbydrae van die eienaar in die besigheid verminder.
**D** Daar moet voorsiening gemaak word vir oninbare skuld.

DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE

# 2025 Applications to Study @DUT Open



FACULTY OF ACCOUNTING & INFORMATICS

FACULTY OF APPLIED SCIENCES

FACULTY OF ARTS & DESIGN

FACULTY OF ENGINEERING & THE BUILT ENVIRONMENT

FACULTY OF HEALTH SCIENCES

FACULTY OF MANAGEMENT SCIENCES

**Apply today via the Central Applications Office (CAO):**

WWW.CAO.AC.ZA

For more information on our programmes visit: www.dut.ac.za

DurbanUniversityOfTechnology @DUT_Tweets @DUTCampusTV @DUT_Official1
@DUT_Official Durban University Of Technology

ENVISION2030 transparency • honesty • integrity • respect • accountability
fairness • professionalism • commitment • compassion • excellence

CREATIVE. DISTINCTIVE. IMPACTFUL.

**6.** 'n Onderneming skryf die koste van kleinwaardebates soos potloodskerpmakers, papiermandjies en sakrekenaars af na die skryfbehoefte uitgawe rekening, hoewel dit langer as een finansiële periode gebruik kan word. Die toepaslike rekeningkundige beginsel is ___________.

**A** objektiwiteit
**B** konsekwentheid
**C** wesenlikheid
**D** paring / aanwas

## REKENINGKUNDIGE INLIGTING EN TERMINOLOGIE

**7.** Die eienaar neem aan die begin van die jaar skryfbehoeftes vir haar seun om op skool te gebruik.

**In watter joernaal sal die rekenmeester 'n inskrywing maak en watter brondokument sal hy gebruik?**

**A** Algemene Joernaal met behulp van 'n joernaalbewys.
**B** Kleinkasjoernaal met behulp van 'n kleinkasbewys.
**C** Algemene Joernaal met behulp van 'n EFO-bewys.
**D** Kontantbetalingsjoernaal met behulp van 'n EFO-bewys.

**8.** 'n Besigheid verdien rente op 'n vaste deposito.

**Watter rekening sal die rekenmeester krediteer?**

**A** Bank
**B** Rente op vaste deposito
**C** Rente op lopende rekening
**D** Rente op spaarrekening

**9.** Bates en laste word geklassifiseer as nie-bedryfs of bedryfs op grond van ___________.

**A** waarde
**B** tyd
**C** betalings
**D** koste

**10.** ‘n Onderneming gaan 'n korttermynlening van drie maande aan om as oorbruggingsfinansiering te gebruik.

**Die rente op hierdie lening word geklassifiseer as ‘n ___________.**

**A** uitgawe
**B** betaling
**C** nie-bedryfslas
**D** bedryfslas

## JOERNALE EN GROOTBOEKREKENINGE

**11.** Op 28 Februarie 2021 is die totaal van die bankkolom in die KOJ R180 000 en die totaal van die bankkolom in die KBJ R160 000. Nadat die kontantjoernale oorgeboek is, het die bankrekening in die Algemene Grootboek 'n debietsaldo van R74 000.

D**ie beginsaldo volgens die bankrekening op 1 Februarie 2021 was ___________.**

**A** R94 000 krediet
**B** R94 000 debiet
**C** R54 000 krediet
**D** R54 000 debiet

**12.** Op 28 Februarie 2021 is die totaal van die verkopekolom in die KOJ R70 000 en die totaal van die Koste van verkope-kolom R50 000.

**Die winsopslag op die kosprys is ___________.**

**A** 40,00 %
**B** 28,57 %
**C** -40,00%
**D** -28,57 %

**13.** Watter een van die volgende is **NIE** 'n voordeel van die gebruik van 'n stelsel van kontrolerekeninge **NIE**?

**A** Dit verwyder omslagtige inligting uit die Algemene Grootboek.
**B** Die proefbalanssyfers bevat besonderhede uit die individuele rekeninge eerder as 'n opsomming van totale.
**C** Dit verminder die waarskynlikheid van bedrog omdat verskillende personeel onafhanklik kontrolerekeninge en hulpgrootboeke byhou.
**D** Groter maatskappye kan rekeningkundige afdelings vir spesifieke afdelings, bv. debiteure, instel

**14.** Bereken die totale bedrag van die **DEBITEUREKONTROLEKOLOM** in die **KOJ** (gemerk ①) as die volgende kolomtotale op 28 Februarie 2021 gegee word.

| BANK | VERKOPE | KOSTE VAN VERKOPE | DEBITEURE-KONTROLE | KORTING TOEGESTAAN | KREDITEURE-KONTROLE | DIVERSE REKENINGE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 180 000 | 70 000 | 50 000 | ① | 2 000 | 3 000 | 45 000 |

**A** R62 000
**B** R14 000
**C** R10 000
**D** R64 000

**15.** Die kleinkasvoorskot is vasgestel op R1 750 met 'n maksimum kontantbetalingsbedrag van R250. Hoeveel kontant sal die rekenmeester benodig om die saldo op 1 Maart 2021 aan te pas indien die volgende totale op 28 Februarie 2021 uit die KKJ geneem is?

| KLEINKAS | HANDELS-VOORRAAD | LONE | DIVERSE REKENINGE |
|---|---|---|---|
| ? | 820 | 180 | 720 |

**A** R1 750
**B** R30
**C** R1 720
**D** R1 500

**16.** Op 28 Januarie 2021 beloop die totaal van die debiteurelys R69 874.

**Gedurende Februarie 2021:**

- Is totale betalings van R59 864 vanaf debiteure ontvang en korting toegestaan beloop R3 222.
- Die totale kredietverkope (nadat R6 879 handelskorting gegee is) beloop R40 324.
- Totale debiteure-afslag toegestaan was R1 987.

**Wat sal die saldo van die Debiteurekontrolerekening op 1 Maart 2021 wees?**

**A** R49 099
**B** R45 125
**C** R44 690
**D** R38 246

**17.** Terugsendings deur klante is deur die verkoopsbestuurder ontleed en hy het gerapporteer dat terugsendings wat herverkoop kon word R2 800 beloop het en dat terugsendings wat so beskadig is dat dit nie weer verkoop kon word nie, R476 beloop het. Neem aan dat die winsopslagpersentasie op kosprys 40% is.

**Watter inskrywing sal in die HANDELSVOORRAADREKENING gemaak word?**

**A** Debietinskrywing van R2 000.
**B** Kredietinskrywing van R2 000.
**C** Debietinskrywing van R2 340.
**D** Kredietinskrywing van R2 340.

**18.** **Maak gebruik van dieselfde inligting as in vraag 17.**

**Watter inskrywing sal in die DEBITEURE-AFSLAGREKENING gemaak word?**

**A** Geen inskrywings sal in die debiteureafslagrekening gemaak word nie.
**B** Die rekening sal met R3 276 gedebiteer word.
**C** Die rekening sal met R3 276 gekrediteer word.
**D** Die rekening sal met R2 324 gedebiteer word.

**19.** Die krediteurekontrolerekening toon 'n kredietinskrywing vir die bank. Die volgende is 'n lys van moontlike transaksies.

**Watter een is NIE 'n moontlikheid NIE?**

**A** Die betaling wat aan 'n krediteur gemaak is, is in die Krediteuregrootboek op die verkeerde krediteurrekening gepos.
**B** 'n Ooraangegewe syfer (overstated) in die KBJ word reggestel.
**C** Die betaling aan die krediteure word gekanselleer as gevolg van onvoldoende geld in die bankrekening.
**D** 'n Oorbetaalde bedrag word deur die krediteure terugbetaal.

## KONTANTTRANSAKSIES EN REKENINGKUNDINGE VERGELYKING

**20.** Die bankstaat ontvang het 'n debietinskrywing vir kontanthanteringsheffing, R200 en 'n kredietinskrywing vir rente, R80.

**Watter een van die volgende is die mees waarskynlike inskrywing wat die rekenmeester van die onderneming sal maak?**

**A** Daar is 'n fout in die bankstaat, aangesien dit onmoontlik is om debiet- en kredietinskrywings vanaf die bank op 'n bankstaat te laat plaasvind, aangesien sodanig geen inskrywing gedoen sal word nie.
**B** Sy sal Rente op lopende rekening met R80 krediteer en Bankkoste rekening met R200 debiteer.
**C** Sy sal Rente op lopende rekening met R200 krediteer en Rente op oortrokke rekening met R80 krediteer.
**D** Sy sal Rente op lopende rekening met R80 debiteer en Bankkoste rekening met R200 krediteer.

**21.** **Wat sal die effek van die volgende transaksies op die rekeningkundige vergelyking wees?**

Handelsvoorraad bestel en kontant betaal, R4 000.
Vraggeld op aankope kontant betaal, R500

| | BATES | EKWITEIT | LASTE |
|---|---|---|---|
| **A** | + R4 500<br>-R4 500 | | |
| **B** | +R4 000 | +R4 000 | |
| **C** | + R4 000<br>-R4 000 | +R500 | +R500 |
| **D** | -R4 500 | -R4 000 | -R500 |

**22.** ‘n Debiteur stuur ‘n elektroniese betalingsbewys aan die besigheid. Hy het sy uitstaande rekening betaal nadat 5% korting toegestaan is. Die kortingsbedrag is R60.

**Watter inskrywing sal die rekenmeester in die KOJ maak?**

| | BANK | DEBITEURE-KONTROLE | KORTING TOEGESTAAN |
|---|---|---|---|
| **A** | 1 200 | 1 260 | 60 |
| **B** | 1 140 | 1 200 | 60 |
| **C** | 1 200 | 1 140 | 60 |
| **D** | 1 260 | 1 200 | 60 |

**23.** **Die volgende inligting is geneem uit die leningrekeningstaat wat ontvang is vir die jaar geëindig 28 Februarie 2020.**

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2019 | ? |
| Vaste maandelikse terugbetaling van R9 600 (insluitend rente) | ? |
| Gekapitaliseerde rente vir die jaar | R56 700 |
| Saldo op 28 Februarie 2020 | R482 000 |

**Wat was die saldo van die leningsrekening op 1 Maart 2019?**

**A** R597 200
**B** R653 900
**C** R540 500
**D** R548 300

**24.** Die insolvente boedel van 'n debiteur betaal 60 sent in die Rand. 'n Betaling van R3 600 is ontvang.

**Wat is die korrekte inskrywing/s aan die kredietkant in die Debiteurekontrolerekening?**

**A**

| BESONDERHEDE | FOL | BEDRAG |
|---|---|---|
| Bank en Korting toegestaan | KOJ | 6 000 |

**B**

| BESONDERHEDE | FOL | BEDRAG |
|---|---|---|
| Bank | KOJ | 3 600 |
| Oninbare skulde | AJ | 2 400 |

**C**

| BESONDERHEDE | FOL | BEDRAG |
|---|---|---|
| Bank | KOJ | 2 400 |
| Oninbare skulde | AJ | 3 600 |

**D**

| BESONDERHEDE | FOL | BEDRAG |
|---|---|---|
| Bank en Oninbare skulde | KBJ | 6 000 |

**25.** C. Johnson, 'n debiteur, het sy werk verloor en sy rekening van R600 is as oninbaar afgeskryf. Hy het daarin geslaag om weer 'n werk te kry en het van sy eerste salaris gebruik en R200 aan die onderneming betaal.

**Die korrekte inskrywing in die kontantjoernaal sal wees**:

| | BANK | DEBITEURE-KONTROLE | KORTING TOEGESTAAN | DIVERSE REKENINGE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | BEDRAG | BESONDERHEDE |
| **A** | 200 | 200 | | | |
| **B** | 200 | | | 200 | Oninbare skulde ingevorder |
| **C** | 200 | | 200 | | |
| **D** | 200 | | | 200 | Oninbare skulde |

**26.** **Die Algemene Joernaal toon die volgende inskrywing:**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Skryfbehoeftes | R80 | |
| Handelsvoorraad | | R80 |

**Watter een van die volgende transaksies het hierdie inskrywing in die Algemene Joernaal tot gevolg gehad?**

**A** Skryfbehoeftes is verkeerdelik as handelsvoorraad aangeteken.
**B** Handelsvoorraad is verkeerdelik as skryfbehoeftes aangeteken.
**C** Skryfbehoeftes wat gekoop is, is as handelsvoorraad verkoop.
**D** 'n Fout is gemaak met die oorboeking van die kleinkasjoernaal na die Algemene Joernaal.

**27.** Die Algemene Joernaal toon die volgende inskrywing met betrekking tot 'n transaksie wat met M. Jabula, 'n debiteur, plaasgevind het:

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| M. Jabula | R40 | |
| Korting | | R40 |

**Watter een van die volgende transaksies het gelei tot die inskrywing in die Algemene Joernaal?**

**A** M. Jabula is R40 korting toegestaan vir die vroeë betaling van sy rekening.
**B** M. Jabula is 'n addisionele korting van R40 toegestaan vir die vroeë betaling van sy rekening.
**C** Die afslag wat aan M. Jabula toegestaan is, is gekanselleer as gevolg van die laat betaling van sy rekening.
**D** Die debiteure-afslag wat aan M. Jabula toegestaan is, word gekanselleer.

**28.** Die onderneming het surplusfondse in 'n 12 maande deposito belê. Die aanvanklike belegging was R8 000 en rente, wat nie kapitaliseer nie, sal betaalbaar wees wanneer die belegging verval. Die rentekoers vir die eerste drie maande was 8,5% per jaar en vir die res van die tydperk 6% per jaar.

**Watter inskrywings sal met betrekking tot die rente rekening in die Algemene Grootboek gedoen word?**

**A** Die rente op vaste deposito-rekening word met R530 gedebiteer.
**B** Die rente op vaste deposito-rekening word met R530 gekrediteer.
**C** Die rente-inkomste-rekening word met R360 gedebiteer.
**D** Die rente-inkomste-rekening word met R360 gekrediteer.

**29.** **Bereken die waarde van ekwiteit:**

| NIE-BEDRYFSBATES | BEDRYFSBATES | NIE-BEDRYFSLASTE | BEDRYFSLASTE | EKWITEIT |
|---|---|---|---|---|
| 400 000 | 75 000 | 200 000 | 58 000 | ? |

**A** R733 000
**B** R467 000
**C** R475 000
**D** R217 000

**30.** **Bereken die waarde van kapitaal:**

| BATES | KAPITAAL | ONTTREKKINGS | WINS | LASTE |
|---|---|---|---|---|
| 1 400 000 | ? | 231 000 | 478 000 | 655 000 |

**A** R36 000
**B** R745 000
**C** R902 000
**D** R498 000

PROVERTO

Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

2022

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10



**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Een**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 11 Mei 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## INHEEMSE BOEKHOUDING, ETIEK, AARP BEGINSELS EN INTERNE BEHEER

1. Sarah Maloti is 'n tuisblyma. Sy bak soms koek en verkoop dit aan mense in haar gemeenskap om haar gesin se inkomste aan te vul. Watter EEN van die volgende sal 'n tipiese kenmerk van haar klein onderneming wees?

A 'n Volledige stel kontant-, krediet- en afslagjoernale.
B Proefbalanse sowel as 'n Inkomstestaat en 'n Balansstaat.
C Inkomste- en Uitgawerekeninge in T-formaat.
D 'n Volledige stel Algemene Grootboek, Debiteure- en Krediteure Grootboekrekeninge.

2. 'n Rekenmeester debiteer die skryfbehoefterekening met R50 en die lonerekening met R200. Sy krediteer die bankrekening met R250. Watter beginsel beskryf haar optrede die beste?

A Besigheidsentiteitsbeginsel
B Omsigtigheidsbeginsel
C Dubbelinskrywingsbeginsel
D Monetêre eenheidsbeginsel

3. As deel van haar kapitaalbydrae koop die eienaar 'n nuwe afleweringsvoertuig en registreer dit in die naam van die onderneming. Watter beginsel beskryf haar optrede die beste?

A Besigheidsentiteitsbeginsel
B Omsigtigheidsbeginsel
C Dubbel-inskrywingsbeginsel
D Monetêre eenheidsbeginsel

4. Watter rekeningkundige beginsel word gekontroleer deur aan die einde van elke maand 'n proefbalans op te stel?

A Besigheidsentiteitsbeginsel
B Dubbel-inskrywingsbeginsel
C Omsigtigheidsbeginsel
D Monetêre eenheidsbeginsel

5. Een van die belangrikste aspekte van 'n rekenmeester se werk is om aan die vereistes van goeie bestuur te voldoen (d.w.s. voldoende interne kontrolemaatreëls). As sodanig moet die rekenmeester seker maak dat rekeninge wat van krediteure ontvang word, ooreenstem met die bedrag wat op die laaste dag van die maand aan krediteure verskuldig is. Wat sou die beste praktyk wees om aan hierdie vereiste te voldoen?

A Voltooi 'n proefbalans op die laaste dag van die maand.
B Doen 'n fisiese voorraadopname en bereken die waarde van voorraad voor hande.
C Balanseer die krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek.
D Gaan die krediteurelys op maandeinde na teen die rekeninge wat ontvang is.

## KONTANT- EN KREDIETTRANSAKSIES EN DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

6. As deel van haar kapitaalbydrae koop die eienaar 'n nuwe afleweringsvoertuig en registreer dit in die naam van die onderneming. Watter inskrywing sal die rekenmeester in die finansiële rekords van die onderneming maak?

| | Debiteer | Krediteer |
|---|---|---|
| A | Voertuie | Bank |
| B | Voertuie | Kapitaal |
| C | Voertuie | Krediteurekontrole |
| D | Kapitaal | Voertuie |

**Die volgende rekening is 'n uittreksel uit die Krediteure Grootboek van A Cut Above. Hulle koop goedere kontant en op krediet van hul verskaffer, Sharp Scissors.**

**Beantwoord vrae 7, 8 en 9.**

| **SHARP SCISSORS** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | | **Besonderhede** | **Fol** | **Debiet** | **Krediet** | **Balans** |
| 2021<br>Feb | <br>01 | <br>Balans | <br>a/b | | | <br>6 800 |
| | 07 | Faktuur 588 | KJ | | | 12 450 |
| | 08 | | KAJ | | | 11 300 |
| | 15 | | KBJ | | | |
| | 20 | Korting | KBJ | | | |
| | 27 | Faktuur 613 | KJ | | | |

7. Op 7 Februarie sal die rekening van Sharp Scissors:

A gedebiteer word met R5 650.
B gekrediteer word met R5 650.
C gedebiteer word met R12 450.
D gekrediteer word met R12 450.

8. Die brondokument wat gebruik word vir die optekening van die transaksie op 8 Februarie is ‘n:

A duplikaat debietnota.
B duplikaat kredietnota.
C kredietfaktuur uitgereik.
D bankstaat.

9. Die inskrywing op 15 Februarie was vir die betaling van die volle bedrag wat op 31 Januarie verskuldig was, asook die helfte van die bedrag wat teen 15 Februarie verskuldig was. Afslag van 10% word ontvang op betalings wat in die maand van aankope gedoen word. Bereken die EFT-bedrag.

A R5 085
B R11 885
C R8 825
D R8 145

**Die onderneming ontvang 'n betaling van 'n kliënt op haar rekening. Die bedrag wat betaal is, was R7 995. Aangesien die betaling betyds gedoen is, verminder die onderneming die kliënt se rekening met R205.**

**Beantwoord vrae 10 en 11.**

10. Die vermindering van die kliënt se rekening staan bekend as:

A korting toegestaan.
B korting ontvang.
C handelskorting.
D debiteure-afslag.

11. Bereken die persentasie vermindering wat aan die kliënt toegestaan is.

A 10.0%
B 7.5%
C 5.0%
D 2.5%

**'n Kliënt is laat om sy rekening van R2 500 te betaal. Maandelikse rente word teen 2% per maand gehef op die uitstaande bedrag.**

**Beantwoord vrae 12 en 13.**

12. Bereken die TOTALE rente wat vir die 2-maande-tydperk by die kliënt se rekening gevoeg is.

A R50
B R100
C R101
D R51

13. Watter inskrywing sal die rekenmeester in die finansiële rekords van die onderneming maak?

| | **Debiteer** | **Krediteer** |
|---|---|---|
| A | Debiteurekontrole | Rente-inkomste |
| B | Rente-inkomste | Debiteurekontrole |
| C | Bank | Rente-inkomste |
| D | Rente-inkomste | Bank |

**Bestudeer die volgende Kontantontvangstejoernaal vir Februarie 2022.**

**Beantwoord vrae 14, 15.**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteure-kontrole | Korting toegelaat | Krediteure -kontrole | Diverse Rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ? | 54 000 | 24 000 | 46 500 | 1 140 | 1 260 | 30 000 |

14. Bereken die BANK-bedrag in die volgende Kontantontvangstejoernaal.

A R106 500
B R108 900
C R130 620
D R156 900

15. Bereken die winsopslag op kosprys wat deur hierdie besigheid gebruik word.

A 225%
B 125%
C 44%
D 25%

**Express Store gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Die volgende inligting rakende die terugsendings aan verskaffers is teen die einde van Februarie 2022 uit die finansiële rekords geneem.**

**Beantwoord vrae 16 en 17.**

| ? | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes |
|---|---|---|
| 1 900 | 1 500 | 400 |

16. Die ontbrekende opskrif aangedui deur 'n ? is:

A Bank.
B Krediteurekontrole.
C Debiteurekontrole.
D Krediteure-afslag.

17. Watter een van die volgende sal die effek van hierdie joernaal op die rekeningkundige vergelyking wees?

| | B | E | L |
|---|---|---|---|
| A | -1 500 | +400 | -1 900 |
| B | +1 500 | -400 | -1 900 |
| C | -1 500 | +400 | +1 900 |
| D | -1 500 | -400 | +1 900 |

18. Onder die deurlopende voorraadstelsel, behalwe die inskrywing om verkope aan te teken, sal die rekenmeester:

A Voorraad debiteer en Koste van verkope krediteer.
B koste van verkope debiteer en aankope krediteer.
C koste van verkope debiteer en voorraad krediteer.
D geen bykomende inskrywing maak tot aan die einde van die tydperk nie.

**Voorraad voorhande op 31 Januarie 2022 beloop R127 000. Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die joernale vir Februarie 2022. Let daarop dat slegs relevante inligting verskaf word.**

**Bestudeer die inligting wat verskaf word en beantwoord vrae 19 en 20.**

| | **KOJ** | **KBJ** | **DJ** | **DAJ** | **KJ** | **KAJ** | **KKJ** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Verkope | 81 000 | | 127 000 | | | | |
| Koste van verkope | 54 000 | | 76 000 | 2 000 | | | |
| Handels-voorraad | | 38 000 | | | 65 000 | 4 000 | 500 |

19. Die waarde van voorraad voor hande op 28 Februarie 2022 is:

A R230 500
B R100 000
C R99 500
D R98 500

20. Die effek van die R500-inskrywing in die KKJ op die rekeningkundige vergelyking sal wees:

| | **B** | **E** | **L** |
|---|---|---|---|
| A | -500 | 0 | +500 |
| B | -500<br>+500 | 0 | 0 |
| C | 0 | -500<br>+500 | 0 |
| D | +500 | -500 | 0 |

21. 'n Kliënt betaal haar aankope met 'n Nedbank kredietkaart. Die verkoopprys word bereken as 75% van die koste. Die koste van verkope is R249. Watter een van die volgende toon die effek op die rekeningkundige vergelyking B = E + L?

| | B | E | L |
|---|---|---|---|
| A | +1.75 x 249<br>-1.00 x 249 | +1.75 x 249<br>-1.00 x 249 | |
| B | -1.75 x 249<br>+1.00 x 249 | -1.75 x 249<br>+1.00 x 249 | |
| C | | +1.75 x 249<br>-1.00 x 249 | +1.75 x 249<br>-1.00 x 249 |
| D | +1.00 x 249 | +1.75 x 249 | +0.75 x 249 |

**Die volgende is 'n uittrreksel uit 'n water- en elektrisiteitsrekening vir Februarie 2022 wat vanaf die munisipaliteit ontvang is.**

**Beantwoord vrae 22 en 23.**

| | |
|---|---|
| Water | R4 000 |
| Elektrisiteit | R8 000 |
| Vullisverwydering | R1 000 |
| Toename in munisipale deposito | R5 000 |
| Totale bedrag betaalbaar | R18 000 |

22. ‘n EFO word gedoen om die rekening vir die maand te betaal. Tans is die besigheid se bankrekening oortrokke. Die effek op die rekeningkundige vergelyking vir die **munisipale uitgawes** sal wees:

| | B | E | L |
|---|---|---|---|
| A | 0 | -18 000 | +18 000 |
| B | -18 000 | -18 000 | 0 |
| C | 0 | -13 000 | +13 000 |
| D | -13 000 | -13 000 | 0 |

23. Die **munisipale deposito** sal as 'n ___ rekening geklassifiseer word.

A bate
B inkomste
C koste
D Las

**Handelskorting van 15% is weggelaat op 'n faktuur wat aan 'n kliënt gestuur is. Die faktuur beloop R12 500.**

**Beantwoord vrae 24, 25 en 26.**

24. Bereken die kortingbedrag wat op die faktuur weggelaat is.

A R125.00
B R234.75
C R187.50
D R1 875.00

25. Bereken die koste van verkope van hierdie transaksie as die winsopslag op kosprys (voor afslag) 60% is.

A R7 812.50
B R8 928.57
C R6 640.63
D R7 589.29

26. Om hierdie fout reg te stel, sal die rekenmeester:

A Debiteurekontrole debiteer en Debiteure-afslag krediteer.
B Debiteurekontrole krediteer en Debiteure-afslag debiteer.
C Debiteurekontrole debiteer en Handelskorting krediteer.
D Debiteurekontrole krediteer en Handelskorting debiteer.

## PROEFBALANSE, VASTE DEPOSITO'S, LENINGS, RENTEBEREKENINGE EN DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

**Die volgende saldo's is geneem uit die proefbalans op 31 Julie 2021, die laaste dag van die finansiële jaar.**

**Beantwoord vrae 27, 28, 29 en 30.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lening: Nedbank 10% p.j. | B8 | | 350 000 |
| Vaste deposito: Nedbank 8.50% p.j. | B11 | 120 000 | |

27. Die volgende is moontlike foute wat deur 'n rekenmeester gemaak is. Watter een sal deur die proefbalans weerspieël word?

A 'n Bedrag van R1 560 wat van 'n debiteur ontvang is, is as R1 650 in die Debiteuregrootboek aangeteken.
B Die totaal van die skryfbehoefteskolom in die KBJ is na die verbruiksgoedererekening in die Algemene Grootboek geplaas.
C 'n Betaling wat aan ‘n krediteur, High Value Stores, gemaak is, is in die rekening van High Valve Shop aangeteken.
D Die handelsvoorraadrekening in die Algemene Grootboek het 'n kredietsaldo getoon nadat die rekening op maandeinde gebalanseer is.

28. Die besigheid gebruik 'n stelsel van folionommers vir beide joernale en grootboekrekeninge. Waarom is hierdie folionommers belangrik in die rekeningkundige proses?

A Dit help om seker te maak dat vir elke debietinskrywing wat in die Algemene Grootboek aangeteken is, daar ook 'n kredietinskrywing aangeteken is.
B Dit help met die berekening van bruto en netto winste op die laaste dag van die jaar, aangesien al die N-rekeninge-saldo's van die saldo's van die B-rekeninge afgetrek word.
C Dit dien as 'n manier om te verwys tussen joernale en grootboeke en die ooreenstemmende brondokumente.
D Dit verseker dat die rekeningkundige vergelyking van B = E + L altyd balanseer, aangesien alle inskrywings in B-rekeninge of N-rekeninge aangeteken word.

29. Die verbandlening is op 30 April 2021 met R100 000 verhoog. Hierdie transaksie is behoorlik in die finansiële rekords aangeteken. Bereken die totale rentebedrag vir die finansiële jaar wat op 31 Julie 2021 eindig.

A R35 000
B R27 500
C R29 750
D R31 875

30. Aanvaar dat die rente op die vaste deposito **jaarliks** bereken word en dan **gekapitaliseer** word en dat die rentekoers konstant bly oor die vaste deposito tydperk. Die vaste deposito is op 31 Julie 2021 gemaak. Bereken die rente-bedrag wat die onderneming op 31 Julie 2023 (die tweede jaar van die vaste deposito) sal ontvang.

A R11 067
B R10 200
C R20 400
D R21 267

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

**2023**

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10

## Olimpiade Vraestel

## Ronde Een

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 10 Mei 2023**



## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## INHEEMSE FINANSIëLE REKORDERING, ETIEK, AARP EN INTERNE BEHEER

**1.** Watter van die volgende is 'n belangrike kenmerk van inheemse finansiële rekordering?

A Rekeningkunde met enkelinskrywings.
B Gebruik van geskrewe rekords.
C Klem op BTW-nakoming.
D Gebruik van moderne rekeningkundige sagteware.

**2.** Lerato herstel klere in haar vrye tyd om haar gesin se inkomste aan te vul. Wat is die hoofdoel van die finansiële rekordering stelsel wat sy gebruik?

A Om die inkomste wat sy genereer te bepaal.
B Om tred te hou met haar uitgawes.
C Om 'n balans tussen menslike en natuurlike hulpbronne te handhaaf.
D Om aan regeringsregulasies te voldoen.

**3.** Watter van die volgende stellings geld ten opsigte van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP)?

A AARP is 'n stel riglyne vir finansiële verslagdoening.
B AARP is slegs van toepassing op beursgenoteerde maatskappye.
C AARP is nie belangrik vir klein ondernemings nie.
D AARP is 'n stel reëls wat alle besighede moet volg.

**4.** Watter van die volgende is die belangrikste rede om AARP te volg?

A Om wettige boetes vir nie-nakoming te vermy.
B Om te verseker dat finansiële state akkuraat en betroubaar is.
C Om konsekwentheid in alle bedrywe te handhaaf.
D Om finansiële state makliker verstaanbaar te maak vir nie-rekenmeesters.

**5.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n situasie waar 'n maatskappy dalk van AARP moet afwyk?

A Die maatskappy steek finansiële inligting vir SAID weg.
B Die maatskappy werk in 'n bedryf waar AARP nie van toepassing is nie.
C Die maatskappy staar 'n unieke situasie in die gesig wat nie deur AARP aangespreek word nie.
D Die bestuur van die onderneming stem nie saam met die beginsels van AARP nie.

## KONTANT- EN KREDIETTRANSAKSIES EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

**6.** Lerato besluit om 'n winkeltjie oop te maak wat klere herstel. Haar naaldwerkmasjien vorm deel van haar kapitaalbydrae. Wat sal die inskrywing in die finansiële rekords wees?

| | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer |
|---|---|---|
| A | Toerusting | Bank |
| B | Toerusting | Kapitaal |
| C | Kapitaal | Toerusting |
| D | Debiteurekontrole | Toerusting |

**7.** ‘n Kliënt koop goedere ter waarde van R1 000 (koste van verkope R800) en betaal met sy kredietkaart. Wat sal die effek op die rekeningkundige vergelyking wees?

| | Bates | | Ekwiteit | | Laste |
|---|---|---|---|---|---|
| A | | = | +1 000 | + | -1 000 |
| | -800 | | -800 | | |

| | Bates | | Ekwiteit | | Laste |
|---|---|---|---|---|---|
| B | -1 000 | = | +1 000 | + | |
| | +800 | | -800 | | |

| | Bates | | Ekwiteit | | Laste |
|---|---|---|---|---|---|
| C | + 1000 | = | + 1000 | + | |
| | -800 | | -800 | | |

| | Bates | | Ekwiteit | | Laste |
|---|---|---|---|---|---|
| D | | = | -1 000 | + | +1 000 |
| | | | +800 | | -800 |

**8.** Die bankstaat wat vir Februarie 2023 ontvang is dui die volgende inskrywings ten opsigte van rente aan:

| | |
|---|---|
| Debietrente | R200 |
| Kredietrente | R100 |

Watter een van die volgende stellings is korrek?

A Aan die begin van die maand was die bankrekening oortrokke en aan die einde van die maand het die bankrekening 'n positiewe saldo gehad.
B Aan die begin van die maand het die bankrekening 'n positiewe saldo gehad en aan die einde van die maand was die bankrekening oortrokke.
C Gedurende die maand het die bankbalans positiewe saldo's gehad en soms was dit oortrokke.
D Dit is 'n fout aan die bank se kant, aangesien dit onmoontlik is om beide debiet- en kredietsaldo’s in dieselfde maand op die bankstaat te hê.

**9.** Vraggeld op aankope van handelsvoorraad beloop R200. Wat sal die korrekte inskrywing in die KBJ wees?

| | Bank | Handels-voorraad | Krediteure-kontrole | Korting ontvang | Debiteure-kontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A | 250 | 250 | | | | |
| B | 250 | | 250 | | | |
| C | | 250 | 250 | | | |
| D | 250 | | | | | 250 |

**P. Peterson, 'n kliënt, het 'n rekeningstaat van R2 586 ontvang en R2 500 betaal vir die volle vereffening van sy rekening. Beantwoord vrae 10 en 11.**

**10** Die vermindering van die kliënt se rekening staan bekend as _____

A handelskorting.
B verkoopskorting.
C debiteure-afslag.
D korting toegestaan.

**11** Bereken die persentasie vermindering wat aan die kliënt gegee is.

A 3.32%
B 3.44%
C 8.60%
D 0.86%

**12** 'n Debiteur skuld R2 000 teen 'n rentekoers van 24% per jaar en die faktuur is 60 dae agterstallig. Hoeveel rente is aan die einde van die 60 dae verskuldig?

A $2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12} + 2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12}$

B $2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12} + 2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12}$

C $2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12} + 2\,040 \times \frac{24}{100} \times \frac{1}{12}$

D $2\,000 \times \frac{24}{100} \times \frac{2}{12}$

**13** Hoekom hef ‘n munisipaliteit ‘n water-en-elektrisiteitsdeposito aan ‘n besigheid?

A Om te verseker dat kliënte hul munisipalerekening betyds betaal.
B Om ekstra inkomste aan die munisipaliteit te verskaf ten einde die effek van beurtkrag te verminder.
C Om kliënte te vergoed vir enige elektrisiteitsonderbrekings wat deur beurtkrag veroorsaak word.
D Om die koste van instandhouding vir water- en elektrisiteitstoerusting te dek.

**14** Watter van die volgende geld vir kleinkas?

A Dit word gebruik om mediumgrootte aankope vir die besigheid te doen.
B Dit is 'n fonds wat gebruik word om vir klein uitgawes te betaal.
C Dit word slegs deur die rekenmeester gebruik.
D Dit is 'n fonds wat gebruik word om werknemers se salarisse te betaal.

**15** 'n Besigheid gebruik die voorskotstelsel vir hul kleinkas en die saldo word op R400 gehou. Aan die einde van Januarie 2023 was die totale betalings R326. Wat is die openingsaldo van die kleinkas op 1 Februarie 2023?

A R74
B R326
C R400
D R474

**16** Watter van die volgende items sal gewoonlik met kleinkas gekoop word?

A Kantoormeubels.
B 'n Nuwe rekenaar.
C Koffie en versnaperinge vir 'n vergadering.
D Salarisse.

**17** Hoe sou die kleinkasfonds op die laaste dag van die maand aangevul word?

A 'n Kleinkasbewys sal voltooi word.
B 'n Tjek sal deur middel van 'n inskrywing in die KOJ uitgereik word.
C Kontant sal uit die besigheid se bankrekening onttrek word.
D Die eienaar sal kontant uit sy persoonlike rekening aan die kleinkasklerk oorhandig.

**Bestudeer die volgende Kontantontvangstejoernaal vir Februarie 2023 en beantwoord vrae 18, 19 en 20 wat volg:**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteure kontrole | Korting toegestaan | Krediteure kontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ? | 100 000 | 80 000 | 40 000 | 2 000 | 0 | 20 000 |

**18** Bereken die BANK-bedrag.

A R162 000
B R158 000
C R82 000
D R242 000

**19** Bereken die bruto winsmarge op kosprys wat deur die onderneming gebruik word.

A 20%
B 25%
C 120%
D 125%

**20** Die totale bedrag soos deur debiteure verskuldig, sal met _______ aan die einde van die maand verminder.

A R38 000
B R40 000
C R42 000
D Dit is onmoontlik om te bereken met die gegewe inligting.

**21** 'n Besigheid, wat die deurlopende voorraadstelsel gebruik, het beide handelsvoorraad (R1 000) en verbruiksgoedere (R200) aan 'n verskaffer terugbesorg. Die effek op die rekeningkundige vergelyking sal ___ wees.

| | Bates | | Ekwiteit | | Laste |
|---|---|---|---|---|---|
| A | -1 000 | = | | + | -1 000 |
| | | | + 200 | | + 200 |
| B | -1 000 | = | | + | -1 000 |
| | | | - 200 | | - 200 |
| C | -1 000 | = | | + | -1 000 |
| | | | + 200 | | - 200 |
| D | +1 000 | = | | + | -1 000 |
| | | | - 200 | | + 200 |

**22** In die deurlopende voorraadstelsel word _________

A handelsvoorraad en alle koste wat 'n invloed op handelsvoorraad het, as 'n bate geklassifiseer.
B handelsvoorraad en alle koste wat 'n invloed op handelsvoorraad het, as 'n ekwiteit geklassifiseer.
C handelsvoorraad as 'n bate geklassifiseer en alle koste wat 'n invloed op handelsvoorraad het, as 'n ekwiteit geklassifiseer.
D handelsvoorraad as 'n ekwiteit geklassifiseer en alle koste wat 'n invloed op handelsvoorraad het, as 'n bate geklassifiseer.

**23** As 'n maatskappy se ekwiteit met R20 000 styg en sy laste met R10 000 afneem, wat is die effek op sy bates?

A Bates styg met R10 000.
B Bates styg met R20 000.
C Bates verminder met R10 000.
D Bates verminder met R20 000.

**24** Watter van die volgende sal die mees geskikte manier wees om 'n maatskappy se ekwiteit te verhoog?

A Verhoog laste.
B Verminder laste.
C Verhoog bates.
D Verminder bates.

**'n Besigheid bied 15% handelskorting op die deel van die verkope wat meer is as R10 000. Die handelskorting is weggelaat op 'n faktuur van 'n kliënt vir verkope van R12 000. Beantwoord vrae 25 en 26.**

**25** Bereken die handelskortingsbedrag wat weggelaat is op die faktuur.

A R1 500
B R1 800
C R0
D R300

**26** Bereken die koste van verkope vir hierdie transaksie, voor die handelskorting toegestaan is, as die winsmarge op koste (voor afslag) 50% is.

A R6 000
B R9 000
C R8 000
D R6 700

## PROEFBALANSE, VASTE DEPOSITO'S, LENINGS EN RENTEBEREKENINGE

**27** Watter een van die volgende is die doel van 'n proefbalans?

A Om te verseker dat alle transaksies akkuraat aangeteken is.
B Om die finansiële posisie van die onderneming te bepaal.
C Om inligting oor die winsgewendheid van die onderneming te verskaf.
D Om te help om finansiële state op te stel.

**28** Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n oorboekingsfout?

A Teken 'n verkeerde bedrag vir 'n transaksie aan.
B Teken 'n debiet aan as ‘n krediet.
C Teken 'n transaksie in die verkeerde rekening aan.
D Versuim om 'n transaksie in die grootboek aan te teken.

**29** Watter van die volgende is die akkuraatste beskrywing van 'n langtermynlening?

A 'n Lening wat binne die volgende 365 dae betaalbaar is.
B 'n Lening wat binne die volgende 12 maande verskuldig is.
C 'n Lening wat meer as 12 maande vanaf die datum van die finansiële state verskuldig is.
D 'n Lening wat meer as 5 jaar vanaf die datum van die finansiële state verskuldig is.

**30** 'n Vaste deposito van R50 000 verdien 'n totaal van R18 000 enkelvoudige rente aan die einde van drie jaar. Hoeveel is die jaarlikse rentekoers?

A 8%
B 10%
C 12%
D 15%


#KiesUP
Maak jou toekomsdrome waar
#KiesUP
Ons grade word internasionaal erken.
Ons alumni is baie gesog.
Ons het ondersteuningsprogramme om ons studente te help om suksesvol te wees.
Ons help om jou voor te berei op die wêreld van werk.
Jou toekoms maak saak.
www.up.ac.za/programmes
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Make today matter
www.up.ac.za

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Hoërskool Olimpiade

2021
www.proverto.co.za
*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10



**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Twee**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 04 Aug 2021**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

# PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 10 REKENINGKUNDE

## RONDE 2

## REKENINGKUNDE EN AARP-BEGINSELS

**Vraag 1 tot 7 het betrekking op rekeningkundige begrippe, AARP-beginsels en jaareindprosedures.**

**Pas die term in KOLOM A by die beste beskrywing in KOLOM B. Kies dus slegs A, B, C of D op die antwoordblad.**

| | KOLOM A |
|---|---|
| **1.** | Wesenlikheidsbeginsel |
| **2.** | Paringsbeginsel |
| **3.** | Lopende saak beginsel |
| **4.** | Omsigtigheidsbeginsel |

| | KOLOM B |
|---|---|
| A | Huurinkomste is ontvang vanaf 1 Januarie 2020 tot 30 April 2021. Indien die besigheid se finansiële jaar eindig op 31 Desember 2020, sal vier maande se Huurinkomste uit die rekening verwyder moet word. |
| B | Voorraad word teen die mees realistiese waarde in die boeke van die besigheid gehou en op so 'n manier word weergegee dat besigheid in die toekoms sal voorgaan. |
| C | Die verlies in die vaste batewaarde wat veroorsaak word deur slytasie en gebruik, word teen die huidige jaar se winste verreken deur 'n Waardeverminderings-uitgawerekening te skep. |
| D | Kleiner uitgawes soos skoonmaakmiddels, tee en koffie en skryfbehoeftes vir personeel kan saam gegroepeer word in een rekening genaamd Diverse uitgawes. |

**5.** Om die inligting in die boeke van die besigheid te boekstaaf, moet die volgende rekeningkundige proses gevolg word:

i. Proefbalans
ii. Grootboek
iii. Finansiële state
iv. Transaksies
v. Brondokumente
vi. Ontleding van finansiële state
vii. Joernale

**Kies die regte volgorde vir die proses:**

**A** v, iv, vii, ii, i, iii, vi
**B** iv, vii, v, ii, iii, i, vi
**C** v, iv, ii, vii, i, iii, vi
**D** iv, v, vii, ii, i, iii, vi

**6.** Aan die einde van die jaar moet die volgende proses gevolg word om die boeke van die besigheid voor te berei vir finansiële jaareinde.

i. Vooraansuiweringsproefbalans
ii. Aansuiwerings
iii. Na-afsluitingsproefbalans
iv. Sluitingsoordragte
v. Na-aansuiweringsproefbalans

**Kies die regte volgorde:**

**A** i, ii, v, iv, iii
**B** ii, i, v, iv, iii
**C** i, ii, iii, iv, v
**D** i, ii, v, iii, iv

**7.** Op jaareinde moet die volgende sluitingsoordragproses gevolg word om die nominale rekeninge-afdeling af te sluit en die netto wins van die jaar te bepaal.

i. Dra die netto wins oor vanaf die Wins en verlies rekening na die Kapitalerekening
ii. Alle uitgawes word afgesluit na die Wins en verlies rekening
iii. Verkope sluit af na die Handelsrekening
iv. Alle inkomstes word afgesluit na die Wins en verlies rekening
v. Debiteure-afslag sluit af na Verkope
vi. Onttrekkings sluit af na Kapitaalrekening
vii. Dra die bruto wins oor vanaf die Handelsrekening na die Wins en verlies rekening
viii. Koste van verkope sluit af na die Handelsrekening

**Kies die korrekte volgorde:**

**A** iii, viii, v, vii, i, iv, ii, vi
**B** v, iii, viii, iv, ii, vi, i, vii
**C** iii, v, viii, i, vi, ii, iv, vii
**D** v, iii, viii, vii, iv, ii, i, vi

## KREDITEUREVERSOENING

**Vrae 8 tot 12 het betrekking op die regstelling van foute tussen die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek en die Lys van Krediteure van Proverto BPK.**

**Lys van saldo's/totale op 30 Junie 2021:**

- Krediteurekontrole, R28 400
- Lys van Krediteure, R12 400

**Kies telkens die beste opsie om die fout reg te stel.**

**WENK:** Hou 'n berekeningsblad byderhand sodat die versoende totaal bereken kan word.

**8.** 'n Debietnota van R900 is uitgereik deur Big Blossom Bouquets vir goedere teruggestuur aan hulle. Geen inskrywing is gemaak nie.

| | KREDITEUREKONTROLEREKENING | LYS VAN KREDITEURE |
|---|---|---|
| **A** | 900 | 900 |
| **B** | (900) | (900) |
| **C** | - | (900) |
| **D** | (900) | - |

**9.** Goedere is op krediet aangekoop by Waltons ter waarde van R3 700; dit was foutiewelik as R7 300 na die debietkant van die betrokke krediteur se rekening oorgeboek.

| | KREDITEUREKONTROLEREKENING | LYS VAN KREDITEURE |
|---|---|---|
| **A** | - | 3 700 |
| **B** | - | 7 300 |
| **C** | - | (3 600) |
| **D** | - | 11 000 |

**10.** Die krediet saldo van R4 600 van debiteur, A Johnson, in die debiteuregrootboek moet na haar rekening in die krediteuregrootboek oorgedra word.

| | KREDITEUREKONTROLEREKENING | LYS VAN KREDITEURE |
|---|---|---|
| **A** | 4 600 | 4 600 |
| **B** | - | (4 600) |
| **C** | - | 4 600 |
| **D** | (4 600) | (4 600) |

**11.** Die totaal van die Krediteurekontrole kolom in die Krediteure-afslagjoernaal is met R5 000 te min opgetel en oorgeboek.

| | KREDITEUREKONTROLEREKENING | LYS VAN KREDITEURE |
|---|---|---|
| **A** | 5 000 | - |
| **B** | (5 000) | - |
| **C** | - | 5 000 |
| **D** | - | (5 000) |

**12.** Die korrekte saldo/totaal na bogenoemde foute reggestel is:

| | KREDITEUREKONTROLEREKENING | LYS VAN KREDITEURE |
|---|---|---|
| **A** | R6 400 | R6 400 |
| **B** | R27 100 | R27 100 |
| **C** | R32 700 | R32 700 |
| **D** | R23 500 | R23 500 |

## SALARISSE EN LONE

**13.** Bestudeer die onderstaande salarisskaal.

**315 000 x 15 000 – 375 000 x 25 000 – 450 000 x 35 000 – 590 000**

Hoeveel jaar moet die werknemer vir die besigheid werk om bevorder te word na 'n R400 000 jaarlikse salaris?

**A** 4 jaar
**B** 5 jaar
**C** 6 jaar
**D** 7 jaar

**14.** **Bestudeer die onderstaande Salarisjoernaal**

| AFTREKKINGS | | | NETTO SALARIS | BYDRAES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LBS | WVF | PENSIOEN | | WVF | PENSIOEN | VOH |
| ? | | 2 120 | 19 239 | | 3 180 | |

**Kies die korrekte Rekeningkundige vergelyking vir die boekstawing van die pensioenfonds aftrekking en pensioenfonds bydrae.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Salarisse | Pensioenfonds | | - 2 120 | + 2 120 |
| | Pensioenfonds | Pensioenfondsbydrae | | + 3 180 | - 3 180 |
| **B** | Salarisse | Pensioenfonds | | - 2 120 | + 2 120 |
| | Pensioenfondsbydrae | Pensioenfonds | | - 3 180 | + 3 180 |
| **C** | Pensioenfonds | Pensioenfondsaftrekking | | + 2 120 | - 2 120 |
| | Pensioenfonds | Pensioenfondsbydrae | | + 3 180 | - 3 180 |
| **D** | Pensioenfondsaftrekking | Pensioenfonds | | - 2 120 | + 2 120 |
| | Pensioenfondsbydrae | Pensioenfonds | | - 3 180 | + 3 180 |

WALTER SISULU UNIVERSITY

# Study with us.

CHOOSE FROM OVER

**170 PROGRAMMES**

IN OUR **7 FACULTIES** SITUATED IN THE EASTERN CAPE

**Applications open from 1 April 2024**

Kindly note that applications close on 31 October 2024 for SA applicants, and closes on 30 September 2024 for international applicants.

visit **www.wsu.ac.za** to

## Apply >>>

You may also scan QR Code

**15.** **Bestudeer die onderstaande Salarisjoernaal**

| AFTREKKINGS | | | NETTO SALARIS | BYDRAES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LBS | WVF | PENSIOEN | | WVF | PENSIOEN | VOH |
| ? | | 2 120 | 19 239 | | 3 180 | |

**Kies die korrekte inskrywing in die Kontantbetalingsjoernaal om die pensioenfonds oorbetaling aan Liberty te maak aan die einde van die huidige maand.**

| | NAAM VAN BEGUNSTIGDE | BANK | HANDELS-VOORRAAD | DIVERSE REKENINGE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | BEDRAG | REKENING |
| **A** | Liberty | 5 300 | | 5 300 | Pensioenfonds |
| **B** | Liberty | 5 300 | | 2 120 | Pensioenfonds |
| | | | | 3 180 | Pensioenfondsbydrae |
| **C** | Liberty | 5 300 | | 2 120 | Pensioenfondsaftrekking |
| | | | | 3 180 | Pensioenfondsbydrae |
| **D** | Liberty | 5 300 | | 5 300 | Salarisse |

**16.** **Bestudeer die onderstaande Salarisjoernaal**

| AFTREKKINGS | | | NETTO SALARIS | BYDRAES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LBS | WVF | PENSIOEN | | WVF | PENSIOEN | VOH |
| ? | | 2 120 | 19 239 | | 3 180 | |

- Die werknemer dra 8% van die bruto salaris by tot die pensioenfonds. Die werkgewer dra R1,50 vir elke rand van die werknemer by.
- Lopende belasting word op 20% van die belasbare inkomste bereken.

**Bereken die lopende belasting uitstaande vir die bogenoemde salarisjoernaal.**

**A** R3 424
**B** R3 848
**C** R4 876
**D** R5 300

**17.** **Bestudeer die onderstaande lys van aftrekkings/bydraes:**

i. Lopende belasting
ii. Pensioenfonds
iii. Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)
iv. Mediesefonds
v. Teefonds
vi. Vaardigheidsontwikkelingsheffing (VOH)
vii. Vakbond

**Watter van die bostaande is verpligte bydraes vir 'n werkgewer?**

**A** i, ii en iv
**B** ii, iii en vi
**C** iii en vi
**D** ii, iii en vii

**18.** **Bestudeer die uittreksel uit die Balansstaat:**

| | NOTA | |
|---|---|---|
| **BEDRYFSBATES** | | 1 150 200 |
| Voorraad | 4 | 520 000 |
| Handels- en ander ontvangbares | 5 | 389 200 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | 241 000 |

**Hoekom moet die bedryfsbates in hierdie spesifieke volgorde op die Balansstaat geplaas word?**

**A** Weens die likiditeits volgorde.
**B** Weens die numeriese volgorde.
**C** Weens die alfabetiese volgorde.
**D** Weens die volgorde van belangrikheid.

**19.** **Bestudeer die onderstaande Rente op Lenings-rekening verskaf.**

**RENTE OP LENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Mei | 31 | Bank | 15 000 | 2020 Mrt | 1 | Opgelope uitgawe | 6 000 |
| Des | 31 | Bank | 15 000 | | | | |
| | | | | | | | |

**Lys van saldo's:**

| | 28 FEBRUARIE 2021 | 1 MAART 2020 |
|---|---|---|
| Lening: ABSA (8% p.j.) | 380 000 | 450 000 |

*Terugbetaling op die lening is op 1 Desember 2020 gemaak.

**Kies die korrekte rente op lening aansuiwering wat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 benodig word.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Rente op lening | Opgelope uitgawe | 0 | - 4 600 | + 4 600 |
| **B** | Rente op lening | Lening: ABSA | 0 | - 6 400 | + 6 400 |
| **C** | Rente op lening | Opgelope uitgawe | 0 | - 10 600 | + 10 600 |
| **D** | Rente op lening | Opgelope uitgawe | 0 | - 12 000 | + 12 000 |

**20.** **UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS 0P 30 APRIL 2021**

| | |
|---|---|
| Huurinkomste | 175 000 |

'n Gedeelte van die gebou word sedert 1 Mei 2012 verhuur. Die huur is met 10% verlaag vanaf 1 Januarie 2021. Volgens die huurooreenkoms moet die huur een maand vooruitbetaal word.

**Bereken die korrekte aansuiweringsbedrag wat verwyder moet word uit huurinkomste vir die jaar geëindig 30 April 2021.**

**A** R12 500
**B** R12 600
**C** R14 000
**D** R14 260

**21.** Debiteur, T Tomas, is insolvent verklaar. Die besigheid het 40 sent in die rand ontvang, R1 180, en behoorlik geboekstaaf. Skryf die oorblywende rekening as oninbaar af.

**Kies die korrekte rekeningkundige vergelykings inskrywing.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Oninbare skulde | Debiteurekontrole | - 708 | - 708 | 0 |
| **B** | Oninbare skulde | Debiteurekontrole | - 1 770 | -1 770 | 0 |
| **C** | Debiteurekontrole | Oninbare skulde | - 708 | - 708 | 0 |
| **D** | Debiteurekontrole | Oninbare skulde | - 1 770 | - 1 770 | 0 |

**22.** Die leningstaat vanaf ABSA toon die volgende inligting:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Januarie 2021 | 900 000 |
| Addisionele lening op 31 Maart 2021 | 250 000 |
| Paaiemente betaal (insluitend rente) gedurende die jaar | 193 200 |
| Saldo op 31 Desember 2021 | 1 016 200 |

Die rente op die lening moet gekapitaliseer word.

**Kies die korrekte rente op lening aansuiwering wat vir die jaar geëindig 31 Desember 2021 benodig word.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Rente op lening | Lening: ABSA | 0 | -173 000 | +173 000 |
| **B** | Lening: ABSA | Rente op lening | 0 | -173 000 | -173 000 |
| **C** | Lening: ABSA | Rente op lening | 0 | +59 400 | -59 400 |
| **D** | Rente op lening | Lening: ABSA | 0 | -59 400 | +59 400 |

**23.** **NOTA TOT DIE FINANSIËLE STATE:**
**3. Eiendom, aanleg en toerusting**

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| Kosprys | 2 000 000 | 560 000 | ? |
| Opgelope waardevermindering | - | ? | (230 000) |
| **Drawaarde op 1 Junie 2020** | **2 000 000** | **?** | **?** |
| **Bewegings:** | | | |
| Toevoegings | 900 000 | 250 000 | 55 000 |
| Waardevermindering | - | (60 000) | (12 200) |
| **Drawaarde op 31 Mei 2021** | **?** | **?** | **?** |
| Kosprys | ? | ? | 350 000 |
| Opgelope waardevermindering | - | (360 000) | ? |

**Bereken die eiendom, aanleg en toerusting totaal soos dit op die Balansstaat op 31 Mei 2021 sal verskyn.**

**A** R1 132 800
**B** R3 457 800
**C** R3 700 000
**D** R4 060 000

**24.** **UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 JULIE 2021**

| BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 4 500 000 | |
| Voertuie | 780 000 | |
| Toerusting | 89 000 | |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | | 256 800 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | | 24 700 |

**NUWE TOEVOEGINGS:**

- 'n Nuwe voertuig is op 1 November 2020 vir R352 000 aangekoop; dit is behoorlik geboekstaaf.
- Nuwe toerusting is op 31 Maart 2021 vir R83 000 aangekoop. Geen inskrywing is nog in die boeke van die besigheid gemaak nie.

**WAARDEVERMINDERING:**

- Waardevermindering op voertuie teen 20% p.j. op die verminderde saldo metode.
- Waardevermindering op toerusting teen 15% p.j. op kosprys.

**Bereken die waardevermindering vir die jaar geëindig 31 Julie 2021.**

**A** R104 540
**B** R105 578
**C** R155 900
**D** R174 940

**25.** Belfast Builders het na afloop van hulle dienste ‘n betaling van R255 000 geëis vir:

- die bou van 'n nuwe stoorkamer, R200 000
- herstelwerk aan die dak, R55 000

Die volle bedrag is na die herstelwerkrekening gedebiteer.

**Kies die korrekte inskrywing vir die aansuiwering wat benodig word vir die jaar geëindig 31 Mei 2021.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| A | Grond en geboue | Herstelwerk | + 255 000 | + 255 000 | 0 |
| B | Herstelwerk | Grond en geboue | - 55 000 | - 55 000 | 0 |
| C | Grond en geboue | Herstelwerk | + 200 000 | + 200 000 | 0 |
| D | Herstelwerk | Grond en geboue | - 255 000 | - 255 000 | 0 |

**26.** Die onderneming het surplusfondse in 'n 12 maande deposito belê. Die aanvanklike belegging was R8 000 en rente, wat nie kapitaliseer nie, sal betaalbaar wees wanneer die belegging verval. Die rentekoers vir die eerste drie maande was 8,5% per jaar en vir die res van die tydperk 6% per jaar.

**Watter inskrywings sal met betrekking tot die rente rekening in die Algemene Grootboek geboekstaaf word?**

**A** Die rente op vaste deposito-rekening word met R530 gedebiteer.
**B** Die rente op vaste deposito-rekening word met R530 gekrediteer.
**C** Die rente-inkomste-rekening word met R360 gedebiteer.
**D** Die rente-inkomste-rekening word met R360 gekrediteer.

**27.** Die volgende kredietverkoopsfaktuur is nog nie geboekstaaf teen die einde van die finansiële jaar nie.

**PACK-MAN-STUDIO** **NR: 7122**

**KREDIETFAKTUUR**

**AAN:** Scott Handelaars
81 Wes laan, 01445

**DATUM:** 30 April 2021

| EENHEID | BESKRYWING | EENHEIDSPRYS | BTW | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| 1000 | Besigheidskaartjies-print | R 2 ,50 | - | ? |
| 1 | Ontwerp | R 500 | - | ? |
| | | | **MINUS (10% KORTING):** | ? |
| | | | **TOTAAL:** | ? |

**Kies die korrekte aanpassings wat benodig word vir die rekeninge:**

| | DEBITEUREKONTROLE | VERKOPE | LOPENDE INKOMSTE | KORTING TOEGESTAAN |
|---|---|---|---|---|
| **A** | + 3 000 | + 3 000 | 0 | 0 |
| **B** | + 2 700 | + 2 700 | 0 | + 300 |
| **C** | + 2 700 | + 2 250 | + 450 | 0 |
| **D** | + 3 000 | + 2 500 | + 500 | + 300 |

**28.** **UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 MAART 2021**

| | |
|---|---|
| Handelsvoorraad | 549 000 |

**Die volgende aansuiwerings is nog nie in ag geneem teen jaareinde nie:**

- Die eienaar het handelsware geneem (verkoopprys, R3 500; kosprys, R2 000) vir sy eie gebruik.
- Op 20 Maart 2021 was daar 'n inbraak by die stoorkamer en baie voorraad word vermis. Die versekering stel die besigheid in kennis dat slegs 75% van die eis sal uitbetaal teen R65 250.
- 'n Fisiese voorraadopname gedoen op 31 Maart 2021 beloop R468 000.

**Kies die korrekte handelsvoorraad tekort/surplus aansuiwering wat benodig word op 31 Maart 2021.**

| | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BATES | EIENAARS-BELANG | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | Handelsvoorraad tekort | Handelsvoorraad | - 13 750 | - 13 750 | 0 |
| **B** | Handelsvoorraad tekort | Handelsvoorraad | - 12 250 | - 12 250 | 0 |
| **C** | Handelsvoorraad | Handelsvoorraad surplus | + 8 000 | + 8 000 | 0 |
| **D** | Handelsvoorraad | Handelsvoorraad surplus | + 9 500 | + 9 500 | 0 |

**29.** **Die Algemene Joernaal toon die volgende inskrywing:**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Verbruikersgoedere voorhande | R120 | |
| Skryfbehoeftes | | R120 |

**Watter een van die volgende transaksies het hierdie inskrywing in die Algemene Joernaal tot gevolg gehad?**

**A** Skryfbehoeftes van R120 is foutiewelik as verbruikersgoedere geboekstaaf.
**B** Terugskrywing van verbruikersgoedere aan die begin van die nuwe finansiële jaar, R120.
**C** Skryfbehoeftes voorhande aan die einde van die finansiële jaar beloop R120.
**D** Terugskrywing van skryfbehoeftes aan die begin van die nuwe finansiële jaar, R120.

**30.** **Die Algemene Joernaal op 31 Desember 2021 toon die volgende inskrywing:**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Vooruitbetaalde uitgawes | R1 572 | |
| Versekering | | R1 572 |

**Watter een van die volgende transaksies het hierdie inskrywing in die Algemene Joernaal tot gevolg gehad?**

**A** Versekering het 'n totaal in die vooraansuiweringsproefbalans van R6 288. Versekering is betaal tot 31 Maart 2022.
**B** Versekering het 'n totaal in die vooraansuiweringsproefbalans van R7 860. Versekering is betaal tot 31 Maart 2022.
**C** Versekering het 'n totaal in die vooraansuiweringsproefbalans van R11 004. Versekering is betaal tot 31 Maart 2022.
**D** Versekering het 'n totaal in die vooraansuiweringsproefbalans van R18 864. Versekering is betaal tot 31 Maart 2022.

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Hoërskool Olimpiade

2022

www.proverto.co.za

*Guiding the leaders of tomorrow*

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10



**Olimpiade Vraestel**

**Ronde Twee**

**Punte: 30**

**Tyd: 1 uur**

**Datum: 3 Augustus 2022**

## Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

## VASTE DEPOSITO'S, LENINGS EN RENTE BEREKENINGE

1. 'n Leningstaat, gedateer 28 Februarie 2022, is van New Bank ontvang. Die saldo op 1 Maart 2021 was R860 000. Die maandelikse paaiement van R14 100, wat rente insluit, is elke maand betyds betaal. Die bank hef 'n maandelikse administrasiefooi van R69 wat by die rekening gevoeg word. Die rente op die lening word gekapitaliseer. Die eindsaldo volgens die leningstaat wat ontvang is, is R794 828.

   Kies die korrekte inskrywing om die kapitalisering van rente in die Algemene Joernaal op 28 Februarie 2022 te joernaliseer.

| | **Besonderhede** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|---|
| A | Rente op lening | 103 200 | |
| | Lening: Nuwe Bank | | 103 200 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| B | Lening: Nuwe Bank | 103 200 | |
| | Rente op lening | | 103 200 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| C | Rente op lening | 104 028 | |
| | Lening: Nuwe Bank | | 103 200 |
| | Bank | | 828 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| D | Lening: Nuwe Bank | 104 028 | |
| | Rente op lening | | 104 028 |

2. Bush Baby Traders het 'n vaste deposito van R250 000 by Old Bank teen 9% per jaar geopen. Rente word maandeliks verdien en in die lopende rekening van Bush Baby Traders inbetaal.

   Kies die korrekte inskrywing wat die rekenmeester moet maak om die maandelikse rente aan te teken.

A Maak 'n inskrywing in die Algemene Joernaal deur Bank te debiteer en Rente-inkomste te krediteer met R22 500 op die dag waarop die rente ontvang word.

B Maak 'n inskrywing in die Algemene Joernaal deur Bank te debiteer en Rente-inkomste te krediteer met R22 500 op die laaste dag van elke maand.

C Maak 'n inskrywing in die KOJ en boekstaaf R1 875 in die Bankkolom en R1 875 in die Diverse Rekeninge se bedragkolom met Rente op Vaste Deposito in die Besonderhede kolom op die dag waarop die rente ontvang word.

D Maak 'n inskrywing in die KBJ en boekstaaf R1 875 in die Bankkolom en R1 875 in die Diverse Rekeninge se bedragkolom, met Rente op Vaste Deposito in die Besonderhede kolom op die laaste dag van die maand wanneer rente ontvang word.

## DEBITEURE EN KREDITEURE TRANSAKSIES, ALGEMENE JOERNAAL EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

3. Die rekening van P. Delport, 'n debiteur, is agterstallig. Die kredietermyn bepaal dat betalings binne 30 dae gedoen moet word. Rente op laat betalings word gehef teen 24% per jaar. Die ouderdomsanalise van haar rekening op 30 April 2022 toon die volgende:

| **Huidige maand** | **30 dae +** | **60 dae +** |
|---|---|---|
| R1 400 | R600 | R750 |

Kies die korrekte inskrywing in die Algemene Joernaal op 30 April 2022 om die rente op haar laat betaling te boekstaaf.

| | | | | Debiteurekontrole | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Besonderhede** | **Debiet** | **Krediet** | **Debiet** | **Krediet** |
| A | Rente op agterstallige debiteure | 39 | | 39 | |
| | P. Delport | | 39 | | |
| B | Rente op agterstallige debiteure | 27 | | | |
| | P. Delport | | 27 | 27 | |
| C | P. Delport | 54 | | 54 | |
| | Rente op agterstallige debiteure | | 54 | | |
| D | P. Delport | 42 | | 42 | |
| | Rente op agterstallige debiteure | | 42 | | |

4. 'n EFO vir R675 is ontvang van die insolvente boedel van E. Eckard, 'n debiteur. Die eksekuteursbrief lui dat 'n eerste en finale betaling van 45 sent in die Rand gemaak is. Die balans van die rekening moet as oninbaar afgeskryf word.

Die effek op die rekeningkundige vergelyking sal wees:

| | BATES | EKWITEIT | LASTE |
|---|---|---|---|
| A | +675<br>-675 | +825<br>-825 | 0 |
| B | -675<br>+675<br>+825 | +825 | |
| C | +675<br>-675<br>-825 | -825 | |
| D | +675<br>-675 | +825 | -825 |

**Sarah Lightman, die eienaar van Sarah's Fashion, 'n onderneming wat die deurlopende voorraadstelsel gebruik, het handelsvoorraad ter waarde van R4 000 op krediet by 'n verskaffer gekoop. Die vervoerkoste om die handelsvoorraad by haar winkel af te lewer, was R500 en dit is kontant betaal. Sarah's Fashion verkoop goedere teen kosprys plus 60%. As deel van haar gemeenskapsbetrokkenheidstrategie, skenk Sarah hierdie goedere namens die winkel aan die plaaslike DBV.**

**Beantwoord vrae 5 en 6.**

5. Die effek op die rekeningkundige vergelyking om die goedere wat gekoop is en die vervoerkoste in die rekeningkundige rekords aan te teken, is:

| | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | BATES | EKWITEIT | LASTE |
|---|---|---|---|---|---|
| A | Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | +4 000 | | +4 000 |

B

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | +4 000 | | +4 000 |
| Afleweringskoste | Bank | -500 | +500 | |

C

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | + 4000 | | +4 000 |
| Vraggeld op aankope | Bank | -500 | -500 | |

D

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | + 4000 | | +4 000 |
| Handelsvoorraad | Bank | +500<br>-500 | | |

6. Watter inskrywing weerspieël die boekstawing van die skenking in die Algemene Joernaal?

A

| **Besonderhede** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Handelsvoorraad | 4 000 | |
| Skenkings | | 4 000 |

B

| | | |
|---|---|---|
| Skenkings | 4 000 | |
| Handelsvoorraad | | 4 000 |

C

| | | |
|---|---|---|
| Skenkings | 4 500 | |
| Handelsvoorraad | | 4 500 |

D

| | | |
|---|---|---|
| Skenkings | 4 500 | |
| Handelsvoorraad | | 4 000 |
| Vraggeld op aankope | | 500 |

7. Die Ink Pot Skryfbehoeftewinkel het skryfbehoeftes op rekening gekoop vir gebruik in die kantoor. Die rekenmeester het die Handelsvoorraadrekening gedebiteer en die Krediteurekontrolerekening gekrediteer. Om die fout reg te stel, moet die rekenmeester:

A die Handelsvoorraadrekening debiteer en die Skryfbehoeftesrekening krediteer.
B die Skryfbehoefterekening debiteer en die Handelsvoorraadrekening krediteer.
C die Krediteurekontrolerekening debiteer en die Bankrekening krediteer.
D niks doen nie, want daar is geen fout in die boekstawing van die skryfbehoeftes wat gekoop is nie.

8. Rente is op 'n spaarrekening ontvang. Die brondokument wat gebruik word om die rente aan te teken, is 'n:

A oorspronklike kwitansie.
B lopende bankrekeningstaat.
C joernaalbewys.
D EFO-bewys.

9. Op die laaste dag van die boekjaar kan rekeninge van agterstallige debiteure as oninbaar afgeskryf word. Dit word gedoen in terme van die ____ beginsel.

A parings-
B omsigtigheids-
C materiële
D lopende saak-

## REGSTELLING VAN FOUTE

10. Die funksie van die gebruik van Debiteure- en Krediteure Kontrolerekeninge in die Algemene Grootboek is om:
    (i) foute uit te skakel en interne kontantkontroles te verbeter.
    (ii) kredietkliënte en -verskaffers te bestuur.
    (iii) die wins van die onderneming te verhoog.
    (iv) die betroubaarheid van rekeningkundige inligting te verbeter.

    Kies een van die volgende opsies:

A (i) en (ii).
B (ii), (iii) en (iv)
C (ii) en (iv)
D (iii) en (iv)

11. 'n Kredietfaktuur wat op 21 Mei 2021 uitgereik is, is nie aangeteken nie. Hierdie fout is op 24 Mei 2021 deur die rekenmeester opgespoor. Die korrekte manier om die fout reg te stel, is om:

A die faktuur op 24 Mei in die Debiteurejoernaal te boekstaaf.
B die faktuur op 31 Mei in die Debiteurejoernaal te boekstaaf.
C die faktuur op jaareinde in die Debiteurejoernaal te boekstaaf.
D die faktuur te ignoreer, aangesien dit nie 'n wesenlike fout is nie en as sodanig, weggelaat kan word.

12. **Die KOJ vir Junie 2021 toon die volgende totale:**

| Bank | Debiteurekontrole | Korting toegestaan |
|---|---|---|
| 114 000 | ? | 6 000 |

Die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek sal gekrediteer word met:

A Bank R114 000 en Korting toegestaan, R6 000.
B Bank R120 000 en Korting toegestaan, R6 000.
C Bank en Korting toegestaan, R108 000.
D Bank en Korting toegestaan, R120 000.

**Op die laaste dag van die maand verskil die saldo van die Debiteurekontrolerekening en die totaal van die Debiteurelys.**

**Beantwoord vrae 13 – 18 met betrekking tot die rekonsiliasie van die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys.**

13. Van watter rekeningkundige rekord kry die rekenmeester die inligting om die Debiteurelys te voltooi?

A Die Algemene Grootboek.
B Die Algemene Joernaal.
C Die Debiteure Grootboek.
D Die Debiteurekontrolerekening.

14. Die kolomtotaal vir debiteure-afslag in die DAJ is korrek bereken as R2 300. Die rekenmeester het die bedrag as R3 200 oorgeboek.

Watter regstelling moet gemaak word?

| | Debiteurekontrolerekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| A | -900 | +900 |
| B | +900 | -900 |
| C | -900 | 0 |
| D | +900 | 0 |

15. Die rente op agterstallige rekeninge is korrek bereken as R614. Watter inskrywing moet gemaak word om die rente op agterstallige debiteure aan te teken?

| | Debiteurekontrolerekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| A | +614 | 0 |
| B | 0 | +614 |
| C | +614 | +614 |
| D | 0 | 0 |

16. 'n Debiteur, B. Barnes, het goedere teruggebring. 'n Kredietnota vir R128 is uitgereik en korrek in die DAJ aangeteken. Die DAJ is korrek oorgeboek op maandeinde, maar die kredietnota is as R182 na die rekening van B. Barnes in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

Watter regstelling moet gemaak word?

| | Debiteurekontrolerekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| A | -182 | +54 |
| B | -128 | -128 |
| C | Geen regstelling nie | +54 |
| D | Geen regstelling nie | -128 |

17. ‘n Bewys van betaling is van 'n debiteur, D. de Bruin, ontvang. Korting van R34 is aangeteken vir die vroeë vereffening van haar rekening. Aangesien die betaling eers 5 dae later in die onderneming se bankrekening gereflekteer het, is daar besluit om die korting te kanselleer.

Watter regstelling moet gemaak word?

| | Debiteurekontrolerekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| A | +34 | +34 |
| B | +34 | Geen regstelling nie |
| C | Geen regstelling nie | +34 |
| D | Geen regstelling nie | -34 |

18. G. Goodman, 'n debiteur wie se skuld van R189 drie maande gelede as oninbaar afgeskryf is, het 'n betaling van R150 gemaak. Die rekenmeester het die bedrag wat ontvang is in die Debiteure kontrolekolom van die KOJ, aangeteken. Dit is as sodanig na al die relevante rekeninge in die grootboeke oorgeboek.

Watter regstelling moet gemaak word?

| | Debiteurekontrolerekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| A | -189<br>+150 | +189<br>-150 |
| B | -150 | -150 |
| C | +150 | +150 |
| D | +189<br>-150 | -189<br>+150 |

19. 'n Kontantfaktuur vir R890 is ontvang vir goedere wat by 'n verskaffer gekoop is. Die rekenmeester het dit as 'n kredietfaktuur van R980 in die Krediteurejoernaal aangeteken.

Watter regstelling moet gemaak word?

| | Handelsvoorraad | Krediteurekontrole | Bank |
|---|---|---|---|
| A | 890 Debiet<br>980 Krediet | 980 Debiet | 890 Krediet |
| B | 890 Debiet<br>980 Krediet | 890 Krediet | 980 Debiet |
| C | 980 Debiet<br>890 Krediet | 890 Krediet | 980 Debiet |
| D | 980 Debiet<br>890 Krediet | 980 Debiet | 890 Krediet |

20. HiLo Traders het goedere by 'n verskaffer gekoop vir R1 000 onderhewig aan 25% handelskorting. 'n Bykomende 10% korting word toegelaat indien die rekening binne 30 dae na aankoop vereffen word. HiLo Traders het drie weke na die aankoopdatum betaal. Die korting wat toegelaat word, is:

A R100.
B R75.
C R175.
D R250.

## BTW

21. BTW is 'n uitgawe wat gedra word deur:

A alle geregistreerde BTW-verkopers.
B die finale verbruiker van die produk.
